

Formele assesseringstake

Nota aan die onderwyser:
Daar is nog voorbeelde van
formele assesseringstake in
die Onderwysersgids.

Woordbank **A B C**


hawens spesiale veilige plekke vir skepe langs die oseane

Aktiwiteit 1 (10 punte)

1. Trek die blokkiesraaisel langsaan na.
2. Gebruik die leidrade om jou te help om die korrekte woorde in te vul. (5 × 2)

Leidrade


1. Die hoogland op die plato wat warm somers en koel winters het.
2. Fisiese voorwerp wat uitstaande is in die land, soos riviere, mere en berge – twee woorde.
3. Die oppervlakte wat gedek word deur een hoofrivier en al sy takriviere.
4. 'n Klein rivier wat in een hoofrivier invloei.
5. Steil grondgebied tussen die plato en die kusvlakte.



Aktiwiteit 2 (10 punte)

Bestudeer die bostaande kaart.


1. Pas die volgende fisiese kenmerke by die letters A tot F:
Robbeneiland, Tafelberg, die kuslyn, Valsbaai, Kaappunt, Atlantiese Oseaan. (6)
2. In watter provinsie is bostaande fisiese kenmerke? (1)
3. Noem drie maniere waarop mense die land op die kaart, verander het. (3)



Kaart van Kaapstad en omgewing

Aktiwiteit 3 (10 punte)

1. Trek die tekening hieronder na.
2. Skryf hierdie woorde op die korrekte plekke: takrivier, hoofrivier, oorsprong, monding. (4)
3. Skryf die letters A, B en C langs die korrekte woorde neer: platorand, plato, kusvlakte. (3)
4. Merk die kuslyn, 'n **hawe** en 'n dam. (3)



Aktiwiteit 4 (5 punte)

Kies die korrekte woorde in die onderstaande sinne. Skryf dan die korrekte sinne uit.

1. Ons meet die hoogte van fisiese kenmerke in meter bo seevlak/
grondvlak. (1)
2. 'n Plato is 'n gebied wat steil *heuvels/plat* aarde het. (1)
3. 'n Skielike val in die hoogte van 'n rivier vorm 'n *platorand/*
waterval. (1)
4. Die hoogste gebiede in suidelike Afrika is in die *uKhahlamba-Drakensberg/Waterberg*. (1)
5. Mense verander die land op verskillende maniere soos om *in*
riviere te swem/paaie te bou. (1)